SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter

33/2019

7/08/2019

WOMEN'S DAY: 9 AUGUST
VROUEDAG: 9 AUGUSTUS

The SAOU honours the role of women in society, but specifically in education. Women comprise 81% of SAOU members and without any fear of contradiction it can be stated that they are the backbone of Education.

9 August is an important day in South Africa as on this day in 1956 women participated in a march to the Union Building to protest against the carrying of passes. At the international level women's day is commemorated on 8 March. However, the underlying principle is the same, i.e. that women must unite against any form of discrimination and to ensure that women enjoy the same privileges on all levels in society, in the economy and in the workplace.

The SAOU's formal mandate is that women are entitled to equal rights and that any form of discrimination against women must be denounced. During the attendance of the World Congress of Education International that represents more than 32 million teachers, this principle was re-emphasised, i.e. that it is the inalienable duty of every union to comply with this mandate.

It is trusted that Women's Day this year will be more than a convenient holiday for SAOU members, but a day during which the unique role of women are celebrated and that their right to equality will be emphasised anew.

Die SAOU bring graag hulde aan die vroue in die samelewing, maar spesifiek in die onderwys. 81% van die SAOU se ledekorps bestaan uit vroue en sonder vrees vir teenspraak kan dit gestel word dat vroue die ruggraat van die Onderwys is.

In Suid-Afrika is 9 Augustus 'n belangrike dag omdat daar op hierdie dag in 1956 deur vroue na die Uniegebou gestap is om kapsie te maak teen die dra van "passe". Op internasionale vlak vind Vrouedag op 8 Maart plaas. Die onderliggende beginsel is egter dieselfde, nl. dat vrouens wêreldwyd saam moet staan om diskriminasie te elimineer en te help dat vroue vol en gelyke deelname op alle vlakke van die samelewing, in die ekonomie en in die werkplek te kan bekom.

Die SAOU se formele mandaat in dié verband is dat vroue geregtig is op gelyke regte en dat daar hoegenaamd geen diskriminasie teen vroue gepleeg mag word nie. Tydens die bywoning van die Wêreldkongres van Education International wat meer as 32 miljoen opvoeders wêreldwyd verteenwoordig, is opnuut klem gelê op die onvervreembare verantwoordelikheid van elke vakbond om hierdie mandaat uit te leef.

Die vertroue word uitgespreek dat Vrouedag hierdie jaar vir SAOU-lede meer sal wees as net 'n gerieflike vakansiedag, maar 'n dag waartydens hulde gebring word aan die onmisbare en unieke bydrae van vroue en dat die gelyke regte van vroue opnuut beklemtoon sal word.







DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

DIE JAN H. MARAISPRYS

OPROEP OM NOMINASIES

Klik op bostaande om die volledige dokument te besigtig.

Nominasies sluit op Vrydag 31 Januarie 2020
Bekendmaking van die prys: Einde Maart 2020

Skriftelike nominasies vergesel van 'n volledige CV moet per e-pos of per koerier gerig word aan:
Die Hoof- Uitvoerende Beampte, Privaat sak X11, Arcadia, Pretoria 0007.
Elektroniese nominasies moet gestuur word na akademie@akademie.co.za
Fisiese adres vir aflewering per hand of per koerier: Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria, 0083.

Navrae kan gerig word aan die Hoof- Uitvoerende Beampte, prof. Anne-Marie Beukes:
Tel. 086 133 3786 (kantoorure); Sel: 083 675 8053; ambeukes@akademie.co.za